

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
22 November 1977

Onderwerp: Die brandwag
Bevestiging van die Kerkraad

Lees: Eségiël 33 verse 1 tot 11
Teks: Eségiël 33 vers 7

Sing: Psalm 147 vers 1
Gesang 156 vers 5

“n BoodsAPPER het in die twaalfde jaar van ballingskap op die vyfde dag van die tiende maand by Eségiël gekom met ’n offisiële boodskap: Jerusalem het geval. Die stad is deur die vyand ingeneem.

“Dit was skokkende nuus, want tot op daardie dag het die ballinge geglo dat Jerusalem nie verlore sou gaan nie, omdat die HERE verplig was om sy tempel te behou. Maar toe het die oomblik van waarheid vir Israel aangebreek. Die profesie van Eségiël het in vervulling gegaan. Die vyand het die stad oorrompel.

“Broers en Susters, Satan se lis is om te vernietig. Sy doel is om af te breek en te verwoes. Maar, Broers en Susters, by Israel, by die verbondsvolk en by God se Kerk het Satan nooit die laaste woord nie. Al lyk dit soms of alles verlore is, is sake hier tog anders gesteld. God breek soms af in ’n persoon se lewe en die bestaan van ’n volk, maar dan altyd met die doel om weer op te bou. Puinhope is dikwels God se voorwaarde vir sy vernuwingswerk.

“Toe Jerusalem verwoes gelê het en die laaste hoop op menslike hulp vanuit Egipte verdwyn het, toe het God met die vernuwing van sy volk en Jerusalem begin. Daarom het daar nie oor die puinhope van Jerusalem ’n dodemars weerklink nie, maar sange van bevryding, opstanding en herlewing. Eségiël se mond is toe oopgemaak en van toe af het hy heerlike dinge verkondig. Daarom sal die stem van die profeet nooit sterf nie en sal die doderyk die Woord van God nooit oorweldig nie.

“Die boek Eségiël gaan dan ook oor die stralende geskiedenis van Israel se opbou en vernuwing. Dit was ’n opbou en vernuwing wat bekering as voorvereiste gehad het. God het Eségiël geroep vir hierdie taak van heropbouing. Hy moes hulle waarsku om hulle te bekeer.

“Dit is hoe God werk. Hy gebruik nie engele of bonatuurlike kragte nie, maar mensekinders. Hy roep swakke, nietige mensekinders en stel hulle aan om sy opbouings- en vernuwingswerk op aarde te doen. As die hemele geopen word, dan gebruik God Almagtig ’n sondaar hier op aarde. Hy roep hom kragtig, gryp sy siel aan en lei hom, selfs as die sondaar soms wil weier om die taak uit te voer. En dit moet die gemeente nooit vergeet nie. Dit is God wat sê: Mensekind Ek stel jou as wag aan.

“Ons is so geneig om die amp van Ouderling en Diaken te verlaag tot ’n menslike instelling. Daarom skroom ons nie om dit op ’n menslike wyse te beoordeel en te veroordeel nie. Ons vergeet so maklik dat dit God is wat hier roep. Hulle is gestuurdes van God. En daarom as jy die gesant skend, skend jy sy Sender. Wie die gesant wegstuur, stuur God weg. Wie met die gesant twis, twis met God. Wie hom aan die gesant nie steur nie, steur hom nie aan God nie.

“Die glorie van die amp is daarin geleë dat God sê: ‘En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy ’n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku.’ (Eség 33:7)

“Alhoewel dit die gesant se glorie is, is dit tegelykertyd ook sy roemloosheid. Die gesant het self niks om op te roem nie. Hy het geen outoriteit in homself nie. Hy is maar net ’n gestuurde, ’n bode en niks meer en niks minder nie. Hy is bloot ’n werktuig van God. Hy moet daarom nooit roem in homself soek nie. Die gemeente mag hom as gesant nie verag nie, maar ewemin mag hulle hom nie roem nie. Sowel die gemeente as die gesant moet verstaan dat alles kom van Hom wat hom gestuur het. Christus Jesus moet steeds toeneem en ek moet minder word. Daarom is daar net een plek vir die gesant en die brandwag. Dit is aan die voete van Hom wat gestuur het.

“Eségiël noem veral twee kenmerke wat in die brandwag en die gesant se lewe moet wees. Die eerste vereiste is dat hy goed moet luister om die Woord van God te verneem. Hierdie vereiste gaan voorop, want niemand, geen brandwag, kan die stad behoorlik waarsku as hy nie eers in die donkerte van die nag goed geluister het om elke geluid te onderskei nie.

“Wie sal dus ’n dowe man as brandwag uitstuur? Al sou hy ’n wonderlike spreker wees, sou hy niks as brandwag beteken as hy nie kan hoor en luister nie.

“God het fyn hoorders nodig. Die ware wag is nie die goeie debatteerder of argumenteerder nie. Nee, dit

is hy of sy wat bokant die rumoer van hierdie wêreld uitstyg met gespitste ore en die stem van God hoor.

“Só het Paulus jare lank in die Arabiese woestyn verkeer om net eers te luister. Só het Johannes die Doper in afsondering gegaan om te peins en te luister. En só het Jesus die eensame plekke opgesoek, waar Hy oor die wil van sy Vader besin het.

“God soek mense wat wil luister. Dit moet mense wees wat nie die stem van die massamens volg nie; óf hulle laat lei deur die vleitaal of kritiek van hierdie wêreld nie; óf luister na die teorië van die ongeloof nie; óf die fluisterstem van die magte van ongeregtigheid nie. Ja, sy oor moet sekerlik hiervoor oop wees. Hy moet die vyandelike stemme in die nagtelike duisternis kan opvang om te kan waarsku. Maar in die eerste instansie moet hy luister na wat God vir hom wil sê. Hy dra die verantwoordelikheid vir die veiligheid en redding van diegene na wie die HERE hom stuur.

“Vir elke wag en gesant in hierdie sonde verduisterde wêreld is dit nodig om ’n geopende oor vir God se stem, dit is God se Woord, te hê. Dit is dikwels in die afsondering van jou binnekamer dat jy die eerste klanke van God se boodskap sal verneem. Ja, my Broers, jy moet ’n oop oor hê vir wat God wil sê. Jy moet ’n oor hê wat luister na God se Woord, want dit is alleen in die lig van God se Woord dat jy die dwaling kan onderskei. Broer Ouderling en Diaken, jy moet jou oor dus ondersoekend, bepeinsend en bestuderend by die Woord van God kom lê. En wat jy daaruit hoor, moet jy verkondig. Verkondig wat jy hoor, al staan dit die mense nie aan nie. Al vloek hulle en al kritiseer hulle jou. Wat jy gehoor het, moet jy sê. Gelukkig is die gemeente, kerk en volk wat sulke wagers het.

“Maar Broers, ’n tweede verantwoordelikheid van die wag is om te waarsku: ‘En jy, o mensekind ... as jy ’n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku.’

“Vanuit sy hoë wagpos kan hy vêr sien en die plunderaar identifiseer, om dan betyds te waarsku. En as hy gewaarsku het, kan niemand in die stad sê dat hy nie gewaarsku was nie. Maar as hy nie waarsku nie en hulle kom om, sal God hulle bloed van die wag se hand eis. ’n Wag wat van die gevaar bewus is en nie waarsku nie, is niks anders as ’n verraaier en ’n moordenaar nie.

“Die waarskuwende element in ons opdrag is só belangrik vir God. Daar moet elke dag vir die gemeente gesê word: Bekeer julle.

“Hierdie waarskuwing is nie ’n pleitrede of afskrikmiddel nie. Dit is ook geen sielkundige praktyk om mense se gesindheid vir jou te wen nie. Nee, dit is enkel ’n boodskap wat uit God se Woord verneem is en as sodanig oorgedra moet word. Dit is ’n basiungeluid van: jy mag nie steel nie; jy mag nie egbreek nie; jy mag geen valse getuienis spreek nie; jy mag nie God se Naam ydelik gebruik nie; jy moet die Sondag heilig; ensovoorts.

“Die HERE HERE het gespreek en die Goddelike boodskap moet afgelewer word. Ons mag dit nie van ons kant opsmuk en verfraai nie. As jy behoue wil bly, moet jy luister. Dié wat nie luister nie, sal sterwe.

“Ja, as God sy heilstaat in hierdie donker tyd wil bou, roep God ’n brandwag om ’n oor en ’n stem te wees. Maar daarmee eis Hy ook ’n volk wat skerp sal luister. Hierdie verantwoordelikheid rus nie net op die brandwag nie, maar óók op elke hoorder. ’n Ontroue brandwag is ’n moordenaar, maar hy of sy wat nie wil luister nie, pleeg geestelike selfmoord.

“Laat ons nie só vaskyk teen die besondere ampte van die kerk dat ons die algemene amp, die amp van die gelowige as profeet, priester en koning vergeet nie. Ons staan elkeen in ’n heilige amp en durf nie soos Kain vra nie: ‘Is ek my broer se wagter?’ (Gen 4:9) Gemeente mag God gee dat ons ons verantwoordelikheid sal besef. Daar is so dikwels ’n gees van traak-my-nie-agtigheid in die gemeente. Maar daar staan in die Woord van God: ‘As Ek aan die goddelose sê: O Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.’ (Eség 33:8) Ons moet leef na die roeping waarmee God ook vir jou en my geroep het, naamlik om profeet, priester en koning te wees. Ons moet loskom van die gedagte dat net die Dominee, Ouderlinge en Diakens wagtters is.

“God het elkeen van ons as wag aangestel. Waarsku mekaar sodat ons nie sterf nie, maar eendag kan ingaan in die heilstaat van God.

“Amen.”